TLU SA

Tel: (+27) 12 804 - 8031
Faks / Fax: (+27) 12 804 - 2014

Jamesrylaan / James Drive 194,
Posbus / P.O. Box 912 - 51, Silverton, 0127

E-pos / E-mail: tlu@tlu.co.za
Web: www.tlu.co.za

**VERVOER VAN VUURWAPENS**

Berigte word toenemend ontvang van onrusbarende praktyke rondom die vervoer van vuurwapens, soos bv.:

Polisie of verkeersbeamptes trek motoriste by padblokkades af, of stop selfs motoriste met flitsende blou ligte, en vra uit oor die besit van vuurwapens en lisensies. Daar word dan beweer dat die vuurwapen nie gebruik mag word vir selfverdediging (Artikel 13 lisensie) indien die lisensie uitgereik is vir jag of sportskiet (artikel 15 of 16 lisensie) nie.

Hierdie bewerings is vals. Elkeen van die artikels waaronder lisensies normaalweg uitgereik word synde Art 13 (selfverdediging) of Art 15 (geleentheidsjag of sportskiet) of Art 16 (toegewyde jag of sportskiet) bepaal dat die wapen gebruik mag word **"waar dit veilig is en vir 'n wettige doel**".

Daar is geen beperking in die Wet op die Beheer van Vuurwapens dat 'n vuurwapen net gebruik mag word vir die doel waarvoor die lisensie uitgereik is nie.

**In die tweede geval** gebeur dit dat polisielede of verkeersbeamptes individue aftrek en navraag doen oor vuurwapens (veral handwapens) en die vervoer daarvan. Daar word dan beweer dat die vuurwapen aan die persoon gedra moet word en nie in 'n sakkie, houer of holster wat op enige ander plek in die voertuig gehou word, mag wees nie. Die persoon word dan gedreig en moet omkoopgeld betaal om weer te mag vertrek.

Ook hierdie stelling is vals.

Artikel 84 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens is eksplisiet oor die vervoer van vuurwapens en bepaal dat 'n persoon 'n handwapen in 'n holster of houer wat daarvoor ontwerp aan die persoon moet dra, of in 'n rugsak of 'n soortgelyke houer vervaardig om 'n wapen in te bêre. Die wapen moet volledig bedek wees en die persoon wat die wapen dra moet effektiewe beheer oor die wapen hê.

Hierdie bepalings van Art 84 geld ten opsigte van die dra van vuurwapens in openbare plekke. Binne jou motor is private ruimte, maar buite die motor is openbare ruimte.

Art 84 van die wet lees spesifiek soos volg:

*Firearms control Act 60 of 2000*

*Section 84. Carrying of firearm in public place*

*(1) No person may carry a firearm in a public place unless the firearm is carried -*

*(a) in the case of a handgun -*

*(i) in a holster or similar holder designed, manufactured or adapted for the carrying of ahandgun and attached to his or her person; or*

*(ii) in a rucksack or similar holder; or*

*(b) in the case of any other firearm, in a holder designed, manufactured or adapted for the carryingof the firearm.*

*(2) A firearm contemplated in subsection (1) must be completely covered and the person carryingthe firearm must be able to exercise effective control over such firearm.*

Lede word aangeraai om baie versigtig op te tree indien hulle in so 'n situasie sou beland. Maakseker dat die vuurwapen hanteer word soos die wet vereis. Geeneen hoef omkoopgeld te betaalindien hulle gedreig word nie. Hou gerus 'n afskrif van die spesifieke bepalings van die Wet byderhand.

***Erkenning:* *(1) SA Jagtersvereniging***

***(2) WETGEWING : Mnr. Mauritz Lombard, TLU SA***
***Navrae kan gerig word aan mnr. Lombard by 012 804 8031 of beleid@tlu.co.za***

***(3) SAPD***

***(4) Juan Kotze Prokureurs, Boksburg***